OESTERBAAI INWONERSVERENIGING

NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 11 DES 2023, OM 10:00 TE MOSSELSTR, OESTERBAAI

TEENWOORDIG
Martiens Kunneke
Adriaan van Wyk
Otto Pepler
Riekie Pienaar
Bouwen Schellingerhout
Anita Swanepoel

1 OPENING & VERWELKOMING
Riekie heet almal welkom. Sy open die vergadering met gebed.

2 VERSKONINGS
Willie Oosthuizen
Marius Aucamp

3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE
Die notule van die vergadering gehou op 8 Nov. 2023 te Kartonkel straat word aanvaar en goedgekeur. Voorgestel: Martiens. Sekondant: Adriaan.

4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE
4.1 KERSMARK – Logistiekbespreking

Riekie noem dat die Kersmark goed vorder. Daar is tans 16 uitstallers binne in die saal en ‘n paar buite.

Adriaan sê dat die werkers nie gemmerbier gaan verkoop nie en van die lys afgehaal kan word.

Riekie sê dat Marius die plakkate teen die lamppale sal opsit. Riekie en Otto sal die plakkate binne in die saal opsit.

Adriaan noem dat Michael onderneem het om die syhek by die saal reg te kry, sodat dit kan oopmaak vir parkering.

Riekie vra dat al die komiteelede wat Dinsdag 19 Des beskikbaar is, sal help met die saal se voorbereiding. Tafels en stoele, afmerk van stalletjies.

Adriaan noem dat Riaan Joubert die stukkende elektriese prop in die saal sal herstel.

Riekie noem dat Madelein ( restaurant ) aangebied het dat ‘n kunstenaar lewende musiek in die saal sal speel. Bouwen sê die keuse van musiek by ‘n mark het ‘n groot invloed op ‘n mark. Riekie onderneem om met Buks, of Walter te reël vir die kerk se klankstelsel.

Die brandblussers is hersien. Henrico van Humansdorp Brandweer sal sorg dat daar nog 3 ekstra sal wees. Hy het gevra dat Riekie hom net weer moet herinner.

Adriaan noem dat Michael ook onderneem het om die een binne- manstoilet te herstel voor die mark.

Riekie lig die vergadering in dat die noodplan en veiligheidsplan ingedien is. St. Francis polisie en Calibre is ingelig. Calibre gaan ook ‘n staanplek op die terrein beman. Die stadsraad se goedkeuring is gegee. Die polisieverklaring en versekering is gedoen.

Slegs die uitstallers se voertuie kan binne in die terrein stop, net om af te laai, dan parkeer hulle buite aan die tip se kant. Riekie sal met Calibre reël om te help by die hekke.

Martiens en Adriaan sal elkeen ‘n ekstra vullisdrom bring. Riekie het nog swartsakke wat oorgebly het na die strandskoonmaak.

Anita sal OIV-lede aansoekvorms beskikbaar hê by die Kersmark.

Riekie vra dat alle lede wat beskikbaar is na die mark asb. moet help met die opruiming. Adriaan onderneem om mev. Venter te skakel om te hoor of die Kougawerkers ook kan help om die saal voor te berei vir die Kersdiens.

AKSIE : Riekie en alle bestuurslede

4.2 NUUSBRIEF

Willie het die vergadering ingelig dat die Nuusbrief feitlik reg is en dat hy dit binnekort sal voorlê.

AKSIE : Willie

4.3 VULLISDROMME

Otto voorsien Martiens van die kaart waar die 4 nuwe dromme moet kom. Dis ‘n prioriteit en sal binnekort afgehandel wees. Martiens onderneem ook om ‘n afskrif van die kaart aan Anita te gee. AKSIE : Martiens

4.4 WATER

Otto lig die komitee in oor die vergadering op 9 Des wat bygewoon is deur hom, Riekie en lede van KLM- Willem Hofmeyr, Steve Rademeyer, Andries Goeda en Frans Jooste.

Willem Hofmeyr het 'n e-pos aangestuur ( 13 Nov. ) waarin daar erken word dat daar watersake is wat dringend aandag moet kry. Charles de Kock het op 14 Nov. daarop gereageer en die dringendheid onderstreep. Daarna is geen verdere kommunikasie ontvang nie. Riekie het 'n opvolg e-pos op 1 Des gestuur – dit is nie beantwoord nie. Daar was ook 'n belofte dat dit voor 10 Des herstel sal word. Volgens die e-pos is OB 3 en 4 en BH 2 stukkend.

Otto sê die burgemeester moet betrek word. Dienste word nie gelewer nie- net beloftes. Adriaan versoek Otto om e-posse te stuur en te sê dat Oesterbaai antwoorde soek.

Otto onderneem om 'n e-pos aan Andre Botha ( Kouga ) te stuur, dit sal ook na die Munisipale bestuurder, Charl du Plessis, die Burgemeester en die Speaker gestuur word.

AKSIE : Otto

4.5 TRAPPE BY LEXINGTONLAAN

Die trappe is gevaarlik en word deur al die werkers gebruik. Bouwen doen 'n voorlegging van 'n plan om die trappe te herstel en te verbeter. Die afstand is 60 m van bo tot onder , 55 trappe is nodig en elke 20 m is daar 'n landingstrook. Nuwe handreëlings is ook nodig.

Bouwen stel ook voor dat daar wegbeweeg moet word van hout – beton is stewiger en sterker. Hy onderneem ook om 'n kwotasie te kry'

Martiens noem dat daar dan geld ingesamel, of geskenk moet word. Die OIV kan dit nie alleen betaal nie.

Adriaan is van mening dat dit 'n serwituut is en daarom is die Munisipaliteit verantwoordelik daarvoor.

AKSIE : Bouwen, Otto, Marius

4.6 INGANG NA DORP

Bouwen lig die komitee in dat daar steeds geen verdere vordering na die vorige vergadering is nie. Die argitek wag steeds vir die titel-akte van die prokureur.

AKSIE : Bouwen

5 NUWE SAKE

5.1 PUBLIEKE TOILETTE

Ivan van Kouga was aan die begin van November 2023 hier om self na die probleem van die geroeste, onbruikbare, seeroog toilet te kom kyk. Hy het onderneem dat die toilet herstel, opgelig, skoongemaak en geverf sal word.

Otto stel voor dat daar weer met Steve Rademeyer gepraat moet word oor die toilette. Dit staan nie op die regte plek nie en word nie ordentlik gebruik nie.

AKSIE : Riekie

6 ANDER DRINGENDE SAKE

Anita vra dat daar 'n ekstra stel sleutels en afstandbeheer gekry word vir die OIV. Adriaan onderneem om dit te doen.

Otto stel voor dat die Bedryfsplan van die werk aan die duine op 'n stokkie gelaai moet word ( vanaf Walter ) vir berging en kontrole.

AKSIE ; Adriaan, Riekie

7 VOLGENDE VERGADERING

Sal volgende jaar gereël word.

8 AFSLUITING

Riekie bedank almal vir hulle teenwoordigheid en deelname. Die vergadering word verdaag.

------------------------------ ---------------------------

GOEDGEKEUR

VOORSITTER DATUM SEKRETARESSE